feedback

e-nuus somer 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Sommertuinbou n die Belang Van Erdwurms

Somer kan 'n rowwe tyd vir tuine in Suid-Afrika wees – die hitte is intens en daar word baie tyd in die tuin deurgebring om dit te probeer red. So, moet ons ons tuine in die somer bemes? Die antwoord is...JA!

Ons wil ons tuine help om konsekwente en volhoubare groei deur die jaar te toon. Die doelwit van meeste tuine is om die blomtydperk te verleng, welige, groen loof te bevorder en om plante te help om hul vatbaarheid vir peste en siektes te verlaag.

Dit is juis vir hierdie rede dat ons voorstel om "konsolideringsbemesting" te gebruik, soos Bounce Back in die somer wanneer ons nie baie nuwe groei verwag nie, maar vir ons plante die beste moontlike kans op gesondheid en lewenskrag wil bied.

Bounce Back is die ideale bemesting vir tuine gedurende hierdie tyd, aangesien dit die voedingswaardes vervang wat die plante in hul lentebloei opgebruik het. Dit stel hul in staat om te groei en te floreer. Blade Runner verseker soortgelyk 'n gesonde, welige en groen grasperk as jy dit op in die somer gebruik. Dit beteken egter nie dat jy nou meer as gewoonlik jou grasperk sal hoef te sny nie. Blade Runner is 'n stadig vrystellende bemesting wat laag is in stikstof. Dit verlaag die opbou van dekgras op grasperke.

Die nuutste byvoeging tot die Neutrog-produkreeks is Seamungus – ook 'n uitstekende keuse vir die somer, aangesien dit as 'n grondopknapper dien en bydra dat swak gronde meer vrugbaar word. Dit behou ook water, wat veral gedurende die warm somerseisoen belangrik is.

Die toediening van organiese bemesting gedurende die jaar beteken dat jy noodsaaklike organiese stowwe by die grond voeg. Dit lei dan weer tot verbeterde grondstuktuur en dreinering, tesame met verhoogde erdwurm- en mikrobiese aktiwiteit.

Het jy geweet dat erdwurms onvermoeide tuinwerkers is? Hulle eerste werk is om die grond te bewerk deur tonnels daarin te maak. Tonnels veroorsaak dat lug en vog maklik deur die grond beweeg, wat dan weer 'n gesonde omgewing vir die plante skep. Tonnels behou water wat die plante kan opneem en bevat ook lug om bakteriese afbreking van die organiese stowwe binne die grond te help.'n Gesonde grond hou lug en vog terug, waarvan beide belangrik is vir erdwurms vir 'n volgehoue bestaan. Erdwurms produseer 'n uitskeiding na vertering wat as "storting" bekendstaan. Dit is 'n uitstekende grondversagtingsmateriaal, wat verbeter die eienskappe van die verbeter after grond, soos poreusheids-en vogretensie. Dit bevorder plantgroei en help peste en siektes beveg.

Hou jou wurms gelukkig en jou tuin sal gelukkig en gesond wees!

SOMER

Voedsel Produkte

Tuin	Grasperke	Grondopknapper	Rose en alle blom en vrugdraende plante

feedback
e-nuus somer 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Roostuin-toevlugsoord open in Bedford

Die Suid-Afrikaanse Roostuin is 'n nuwe tuin wat sopas in die pragtige dorpie Bedford in die Oos-Kaap teen die hange van die Winterbergreeks oopgemaak het. Dié Roostuin is as 'n toevlugsoord ontwerp vir al die ou roosvariëteite in ons land ten einde hulle te kweek en te bewaar. Die tuin sal die historiese reis uitbeeld wat baie van hierdie rose meegemaak het en sal aanvanklik op die merkwaardige boek, "Die Old Roses of the Cape of Good Hope" gebaseer word, soos deur Dr. Gwen Fagan nagevors en geskryf is. Sy het ook die volle tuinontwerp vir die projek geskenk en is ook op die raad van trustees. 'n Trust is geskep ten einde die konsep, tuin en plante te beskerm, te lei en te kweek. Die Suid-Afrikaanse Roostuin kan te eniger tyd deur die publiek besoek word. Dit is ook 'n gedenktuin en enigiemand kan 'n roos ter gedagtenis aan 'n geliefde skenk.

Die Roostuin is nie net vir roosspesies nie, maar is ook bestem om 'n streng ekovriendelike onderrigtuin te wees. Dit beskik verder oor 'n versameling Suid-Afrikaanse knolle, plante en knolle, meerjarige plante en inligting vir voëlkykers en 'n toekomstige navorsing-en leersentrum. Die tuin is tans 'n projek in vordering en sal amptelik in Oktober 2012 hulle deure vir die publiek oopmaak, net na die Internasionale Rooskongres wat met trots in Johannesburg vanaf die 11de tot die 18de Oktober 2012 aangebied sal word.

Die eerste 300 rose in die roostuin is met Seamungus aangeplant en is onlangs met Sudden Impact for Roses bemes. Ons sien uit daarna om 'n blywende verhouding met die Roostuin te kweek en hoop dat die Suid-Afrikaanse publiek die skoonheid van hierdie toevlugsoord vir nog baie jare sal geniet.

Vir verdere inligting oor die Roostuin, skakel asseblief vir Debbie by edendale@vodamail.co.za. Enigiemand wat graag by die projek betrokke wil raak óf inligting oor ou rose wil deel, kan direk vir Debbie skakel.

Deel die optimisme van die Bedford Township-tuine

"Dit sal baie vir ons gemeenskapsgees beteken as ons 'n township kan skep waar jonk en oud saam kan kom in die toevlugsoord van hulle eie klein, groen tuintjie en toesien hoe hulle groente groei en rose blom".

Dr. Lana-Lorraine Blom

Die Bedford Township-tuine is 'n inisiatief van die Thembani Sindawonye Bedford-projek.'n Toegewyde span township-tuiniers het saamgestaan en begin om hulle bure te beïnvloed en te inspireer. Hul harde werk is besig om die voordeel daarvan te trek. Die langtermyndoelwit is ten einde hulle families met voedingsryke groente te voorsien en om deel te word van 'n ekotoerismeprojek wat volhoubare ontwikkeling bevorder en armoede bekamp.

feedback

e-nuus somer 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Bedford is welbekend vir sy Oktober-tuinfees waartydens die dorp duisende besoekers van die Oos-Kaap ontvang om die pragtige versameling tuine te besigtig. Die Bedford Township-tuinroete het met die ondersteuning van die Bedford-tuinfeeskomitee en onder die sorg en leierskap van Dr. Lana-Lorraine Blom tot stand gekom. Dr. Blom is 'n voormalige Ford Hare-dosent in sielkunde wat 'n navorsingsprojek in Bedford voltooi het.

Veertien township-tuiniers het in 2011 aan die Bedford-tuinroete-inisiatief deelgeneem en hulle tuine met trots vertoon.Neutrog het hierdie gemeenskapsprojek vir die afgelope twee jaar ondersteun en was baie trots om die Bedford Township-tuinroete te besoek en foto's van die pragtige tuine op hulle Facebook-blad te deel. Ons sien uit daarna om meer tuiniers op te spoor wat na groter uitdagings streef en 'n rol in die verdere skepping van skoonheid en ontwikkeling in hierdie omgewing speel.

Seamungus Gee Saad 'n Hupstoot

seed

Die 'School's Environmental Education and Development' (SEED) is 'n niewinsgewende en publieke voordeelorganisasie wat vanaf Mitchell's Plain in die Kaapse Vlakte bestuur word. SEED het gedurende die afgelope nege jaar 'n leerplan vir omgewingsonderrig ontwikkel en buiteklaskamers vir skole met ondergemiddelde hulpbronne regoor die land geskep. Hulle glo dat hulle gelukkiger en gesonder kinders kan kweek wat na ons planeet sal omsien en dit sal ondersteun deur middel van kinders tot die ekostelsels te verbind.

Neutrog het vir SEED met een ton Seamungus as 'n prys by verlede jaar se Daddy Bloom-blomfees gegee. SEED het die produk tot dusver aan 18 Kaapse skole versprei wat aan hulle buitetuin-klaskamerprogram deelneem sowel as aan die SEED Permakultuur-opleidingsentrum by Rocklands Laerskool.

Die Kaapse Vlakte is welbekend vir sy swak grondgehalte. Seamungus is die geskikte keuse om vrugbare organiese stowwe by die grond te voeg en om dié grond se algehele toestand en waterhouvermoë te verbeter. Dit is reeds gebruik om die groei van die groente 'n hupstoot te gee wat die voedingskemas en sopkombuise in die skole aanvul. Seamungus is gebruik om windskerms en bome soos Celtis Africana, witkaree-, karob-, granaat- en olyfbome aan te plant. Bood Carver, die SEED-hooffasiliteerder, het Neutrog se donasie opreg waardeer: "Seamungus het beslis ons groente 'n toegevoegde voedingsinspuiting gegee en die leerders is verras om te sien hoe goed hulle oeste gegroei het!"

feedback
e-nuus somer 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Nuusflits!

Die somer is hier en die langverwagte krieketseisoen het aangebreek! Suid-Afrika het gedurende November vir Australië geklop tydens 'n uiters ongewone kriekettoets by Sahara Park Nuweland, in slegs twee dae en een sessie. Neutrog het die stadium met trots van Blade Runner en Upsurge voorsien om die kolfblad in die beste toestand vir elke krieketseisoen te hou.

Moedig Verandering by Barracuda Laerskool, Kwazulu-Natal

Barracuda Laerskool in Newlands-Oos, noord van Durban beskik oor 'n span uiters toegewyde onderwysers wat die leerders passievol dien, dikwels ten koste van hulself. Sally McMillan, 'n lid van die Durban Noord- en Umhlanga Rocks-tuinklubs het deur haar buurman, 'n graad-1 onderwyser, met hierdie skool in aanraking gekom. Sally het oortollige saailinge uit haar eie tuin gehad en voorgestel dat hulle hierdie plantjies by die skool moet plant. Sy het daarna vir Neutrog genader om haar met bemesting te help.

Die kinders by Barracuda Laerskool was baie entoesiasties oor die projek en het beurte gemaak om 'n gat te gawe en hul eie appelliefiebos te plant. Elke saaiplantjie is met 'n handvol Rapid Raiser geplant om die plantjies die beste moontlike beginvoeding te gee. Die grondgehalte in die gebied is baie swak en dus sal die bekendstelling van organiese stowwe deur die gebruik van Rapid Raiser help om die grond te bevorder. Die nuwe plantjies is almal natgelei – elke kind het 'n beurt gekry om water in 'n leë Coke-bottel vol te maak. Elkeen is vir hulle eie plant verantwoordelik. 300 appelliefiebosse en 150 selderyplante is geplant.

Sally het voortgegaan om meer tyd aan die projek te bestee, deur terug te gaan en die plante 'n verdere hupstoot te gee asook om vir die kinders die blomme en vrugte te wys wat moontlik sal vorm sodra die plant reg is om te dra. Die kinders het ook die geleentheid gekry om seldery te proe wat uit Sally se tuin kom – blykbaar met gemengde gevoelens en 'n paar baie snaakse gesigsuitdrukkings!

Sally hoop dat die projek 'n goeie oes appelliefies sal oplewer, wat tot konfyt verwerk en verkoop kan word, waarvan die winste gebruik sal word om 'n behoorlike groentetuin in 2012 te begin. Dit klink soos 'n wonderlike, volhoubare besigheidsplan wat 'n nederige ontstaan gehad het. Hierdie is nie slegs 'n fantastiese manier om vir kinders van tuintegnieke en die omgewing te leer nie, maar ook 'n waardevolle les in selfonderhoudendheid en entrepreneurskap.

Redakteursnota: Neutrog sal in die gees van die feestyd Seamungus skenk om die groentetuin in 2012 'n goeie hupstoot te gee.

Word 'n lid van Neutrog se Bah Klub

Die Pooh Bah klub is 'n klub vir al tuinbou vriende. Jy sal ingelig word ooral die nuutste tuinbou produkte, nuus en kompetisies.

Registreer vandag by www.neutrog.co.za

Vind NeutrogSA op Facebook

Volg ons op Twitter at @NeutrogSAfrica

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

T 0860 110 110
F 021 972 1958
E info@neutrog.co.za
Neutrog Africa Pty Ltd
Pobus 81 Philadelphia
7304